

## DIE VESTIGING VAN DIE EERSTE VRYBURGERS AAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP — I

*Faktore wat tot die daarstelling van 'n Vryburgergemeenskap aan die Kaap gelei het*

Die oorsese gebiede waaroor die V.O.C. voor 1652 beskik het, moes afgesien van hul aard, almal op 'n direkte of indirekte wyse bydra om die handelswins van die onderneming te vergroot. Hierdie gebiede kan hoofsaaklik in drie groepe verdeel word. Eerstens dié waar produkte verkry kon word vir bemarking in Europa; tweedens dié wat as afsetgebiede vir Europees-vervaardigde goedere gedien het; en derdens dié wat om strategiese redes beset is sodat lastige handelskonkurrente uitgehou kon word.<sup>1</sup>

Van al hierdie oogmerke was daar met die besetting van die Kaap op 6 April 1652 deur die V.O.C. geen sprake nie. Inderwaarheid was Suidelike Afrika toendertyd nog 'n afgeleë, geslote en dus grootliks 'n onbekende landstreek en indien daar enige optimisme was oor verborge rykdomme wat dié gebied mag ingehou het, kon bewyse daarvoor nie verder as legendes teruggevoer word nie. Belangrike feite waaroor daar wel geen twyfel bestaan het nie, was dat die Kaap 'n baie sentrale posisie op die seeweg na Indië ingeneem het; dat landbouprodukte met sukses in die omgewing van Tafelbaai gekweek kon word, dat daar volop vars water, vis en wilde diere was en dat die gebied deur 'n nomadiese herdersvolk bewoon is.<sup>2</sup> Klaarblyklik het die Kaap hom uitstekende geleen om as verversingspos vir handelskepe benut te word. Hiervan is die V.O.C. dan ook oortuig nadat 'n memorandum van Janssen en Proot en van Jan van Riebeeck onderskeidelik voor hom gedien het en gevolglik is besluit om tot die stigting van so 'n verversingspos oor te gaan.<sup>3</sup>

Die instruksies wat aan Jan van Riebeeck as eerste Kommandeur uitgereik is, het in hoofsaak behels dat hy die Kaap moes inrig sodat dit as herstel- en verversingsoord vir verbygaande V.O.C.-skepe kon dien.<sup>4</sup>

Hoewel daar besef is dat die Kaap in hierdie hoedanigheid geen direkte voordele (in terme van wins) kon oplewer nie,<sup>5</sup> was dit nogtans noodsaaklik dat die belangrike verversingsfunksie op die koedkoopste wyse moontlik uitgevoer moes word. Ten einde daarom nie te ver van die V.O.C. se hoofdoelstellings van maksimum en direkte wins af te wyk nie,<sup>6</sup> was die minimum vereiste dat die pos selfonderhoudend moes wees.<sup>7</sup>

1. Coolhaas, W. Ph.: *Die Kaap het baie nuwe Vraagstukke geskep*; Artikel in *Die Huisgenoot*, Deel XXXVI, Nr. 1563, 7 Maart 1952, pp. 55-56.
2. Cory, G. E.: *The Rise of South Africa*, Vol. I, pp. 4-5.
3. Leibrandt, H. C. V.: *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope — Letters and Documents Received 1649-1662*, Part I, pp. 2-33.
4. *Ibid.*, pp. 29-39.
5. Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. en Geyer, M. A.: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Deel II, p. 195.
6. *Ibid.*, pp. 140-146.
7. Böeseken, A. J.: *Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap 1657-1760*, p. 93 en pp. 109-110.

Dat die Kaap indirekte voordele vir die V.O.C. as handelsmaatskappy ingehou het, val nie te betwyfel nie. Die gedurige stryd om die handelsmonopolie in die Ooste teen vreemde mededingers te beskerm, het baie hoë eise aan die bestuursvernuf van die V.O.C.-direkteure gestel en die okkupasie van die Kaap was een van die praktiese maatreëls wat moes bydra tot die verstewiging van daardie monopolie.

Uit 'n funksionele oogpunt gesien, moes daar met „ . . . de minste kosten ten meesten dienste . . . ”<sup>8</sup> aan die V.O.C. gelewer word. Daar moes dus nie alleen genoeg vir verbyvarende V.O.C.-skepe geproduseer word nie, maar ook genoegsaam sodat in die behoeftes van die plaaslike personeel voorsien kon word. Sodoende sou die Kaap se verversingspos dus sy bestaan regverdig en geen addisionele las vir die winsbehepte V.O.C. beteken nie.

Ten spyte van Kommandeur Van Riebeeck se optimisme, ywerigheid en pligsgetrouheid, het die verversingspos, veral in die beginjare, nie die verwagtings verwesenlik wat daaromtrent gekoester is nie.<sup>9</sup> Inderwaarheid was daar 'n geneigdheid aan Van Riebeeck se kant om die voordele en potensiaal van die Kaap te oorskat en 'n te gunstige beeld vir die V.O.C. te skets, terwyl daar in werklikheid nie eers daarin geslaag kon word om genoeg voedsel vir plaaslike gebruik te produseer nie.<sup>10</sup>

Besoekende skeepskapteins het gedurig gekla dat die Kaap die mistroostigste plek op aarde was waar die verversings van 'n baie swak gehalte was en „ . . . the belief had come to be general in the fatherland that the resources of the Cape were by no means so great as Mr. Van Riebeeck was constantly representing”.<sup>11</sup> Wat die V.O.C. egter nog meer onstel het, was die feit dat graanvoedsel, veral rys, van tyd tot tyd vir plaaslike konsumpsie na die Kaap verskeep moes word.<sup>12</sup> Dit het nie alleen beteken dat die Kaap teen 'n verlies in stand gehou moes word nie, maar ook dat die handelsvloei tussen Nederland en die Ooste in 'n mate belemmer is deurdat kosbare skeepsruiem wat andersins vir winsgewende handelsartikels gebruik kon word, nou vir voedsel vir die Kaap aangewend moes word. Die maksimum-wins-doelstelling van die V.O.C. moes onder hierdie omstandighede noodwendig ly. Die hoofdoelstelling van die verversingspos, naamlik om genoeg voedsel vir skeepslui asook vir plaaslike amptenare te kweek, is egter nooit gedurende Van Riebeeck se ampstermyn aan die Kaap volkome gerealiseer nie.<sup>13</sup>

Die dringendheid van die Kaapse produksievraagstuk het veroorsaak dat daar gedurig deur die V.O.C. se direksie in Nederland, die Raad van

8. *Ibid.*, p. 109.

9. Van der Walt, Wiid en Geyer: *op. cit.*, p. 145. Asook Leibrandt, H. C. V.: *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope — Letters Despatched from the Cape 1652-1662*, Vol. III, p. 241.

10. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. II (Kommissaris Van Goens se Verslag aan die Here XVII van 16 April 1657), p. 325.

11. Theal, G. M.: *History of Africa South of the Zambesi*, Vol. II, p. 121.

12. Van der Walt, Wiid en Geyer: *op. cit.*, pp. 43-44.

13. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. II (Brief van Raad van Indië aan Zacharias Wagenaar), p. 211.

Indië, besoekende kommissaris en Jan van Riebeeck aan uitweë gedink is waarlangs dit opgelos kon word. Die oplossing wat blykbaar by voorge-noemde instansies algemene byval gevind het, was die daarstelling van vryburgers wat op eie risiko en inisiatief landbou, veeteelt en ander bedrywe kon beoefen.

Voorgenoemde plan, naamlik die uitplasing van vryburgers om as private produsente en leweransiers van dienste te fungeer, wat natuurlik nie 'n nuwe een nie, want teen die middel van die 17de eeu was dit alreeds 'n gevestigde praktyk in sommige van die V.O.C. se Oosterse besittings.<sup>14</sup>

Die uitplasing van vryburgers impliseer natuurlik die belangrikheid wat die Kaap vir die V.O.C. ingehou het,<sup>15</sup> en dat hulle dit op 'n langtermyngrondslag wou beset. Daarom is dit nie ontruim toe dit 'n te duur onderneming blyk te gewees het nie, maar alles is in die stryd gewerp om dit meer betalend te maak. Verliese is daarom ook nooit passief aanvaar nie en die minimum wat blykbaar verwag is, was dat die Kaap sy inkomstes met sy uitgawes moes laat klop. Die enigste manier waarop dié toestand bereik kon word, was om plaaslike produksie te verhoog en om minder in te voer. Met ander woorde die gebied moes selfonderhoudend gemaak word.<sup>16</sup>

Solank as wat Van Riebeeck en sy amptenare namens die V.O.C. die boerdery onderneem het, is daar besef dat geen verbetering in die toestand sou intree nie.<sup>17</sup> Die voor die hand liggende oplossing, soos reeds hierbo genoem, was die daarstelling van 'n vryburgerklas wat hulle vir „eie voordeel” op die landbou en veeteelt moes toelê. Besuiniging en ekonomiese beweegredes speel hier dus 'n deurslaggewende rol.

Alhoewel hierdie skema 'n noodmaatreël was, is dit nogtans nie op 'n oorhaastige en onbeplande wyse geïmplementeer nie. Dit blyk dan ook oorvloedig uit dokumente dat dit met verdrag en deeglike beplanning voorafgegaan is.<sup>18</sup>

Omrede dit 'n mens 'n verdere blik sal gee op die onontbeerlike rol wat die vryburgers in die Kaap gespeel het en ook hul verhouding met V.O.C.-amptenare nader sal toelig, sal dit nuttig wees om kortliks na te gaan watter pogings deur Jan van Riebeeck aangewend is om so 'n stelsel ingestel te kry.

Van Riebeeck het reeds tydens die eerste maand van sy verblyf aan die Kaap uitgesien na die koms van landbouers ongeag of hulle nou „eenige g'troude Chinesen ende andere vrije mardijckers ofte oock wel

14. De Jonge, J. K. J.: *De Opkomst van het Nederlandsch Gezag in Oos-Indië*, Vol. V, p. 196, p. 223, p. 262; Vol. VI, pp. IV-XXVI, p. 93, asook Van der Walt, Wiid en Geyer: *op. cit.*, pp. 146-149.

15. De Kiewiet, C. W.: *A History of South Africa, Social and Economic*, pp. 1-2.

16. Robertson, H. N.: *The Economic Development of the Cape under Jan van Riebeeck*, *South African Journal of Economics*, Vol. 13, Nr. 1, Maart 1945, p. 13. Asook *Ibid.*, Vol. 13, Nr. 2, Junie 1945, p. 78.

17. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. III, p. 25.

18. Thom, H. B., *Koloniasiedenkbeelde van Jan van Riebeeck*, *Tijdschrift voor Geschiedenis*, 52ste Jaargang, Afl. I, 1937, p. 1.

Nederlanders . . . (om) . . . onder seeckere conditien . . . eenige parcken lants te beslaen".<sup>19</sup> Volgens sy mening was die gehalte van die grond goed genoeg en die omvang daarvan voldoende, want op 29 April 1662 maak hy 'n aantekening in sy Dagregister dat met die beskikbare mannekrag in diens van die V.O.C. aan die Kaap, nie „'t duijsenste (sic) deel der bequame aerde ende valeijen . . . beploeght off besaijt can worden, ende meenichte van Chinesen off andere laboreuse menschen offte huijsgesinnen wel toe dienden hier te comen, die der metter tijt de cost genoegh sullen krijgen".<sup>20</sup> Op 13 Januarie 1653 maak hy weer melding van grond oorkant die Soutrivier wat met groot sukses deur vryburgers bewerk kon word.

Van Riebeeck het hierdie waarnemings gemaak omrede hy, uit hoofde van sy amptenaarskap, gedwing was om met die minste koste die meeste goedere en dienste vir die V.O.C. te verseker.<sup>21</sup> Sy pogings om met die middele tot sy beskikking daardie doel te bereik, is nooit met sukses bekroon nie, met die gevolg dat hy gedurig aanmanings van Nederland en Batavia ontvang het om te besnoei en meer te produseer. Veral Batavia versoek hom met gereelde tussenposes om die garnisoen aan die Kaap te verminder sodat voorrade wat die pos moes invoer, tot die minimum beperk kon word.<sup>22</sup>

Van Riebeeck se doel en taak was dus om die pos selfonderhoudend te maak. Hiervoor was nie slegs meer arbeiders nodig nie, maar ook 'n sterk garnisoen om hulle teen die inboorlinge te beskerm. Ten spyte van herhaaldelike teenslae en teleurstellings het hy vas bly glo dat die antwoord in uitbreiding lê.<sup>23</sup> Dit was egter 'n besluit wat uit desperaatheid gebore is, want indien die vestiging van 'n vrye landbougemeenskap nie bevorderlik sal wees vir besuiniging en vermeerdering van inkomste nie, het hy gemeen „was 't beter datter noyt vrij man quam".<sup>24</sup>

In 'n brief aan Batavia verklaar hy in dié opsig dat dit „ . . . onse geringh gevoelens (is dat) . . . voor eerst een hondert laboreuse Chinesen off andere grage vrije huijsgesinne van Indische vruchten voor te telen kennisse hebbende alsoo wij luijden genoegh te doen sullen hebben voor eerst met dit weijnige ende sobere volcq onse fortificatie voorts in defentie te brengen ende de bequame gronden onder 't fordt leggende met allerhande Hollantse vruchten ende boomen te besaijen ende beplanten daer wij noch weijnigh enough van volcq toe versien sijn ende 't landt buijten 'n faveur

19. Bosman, D. B. en Thom, H. B.: *Dagregister Gehouden by den Oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*, Deel I — 1652-1655, p. 32.

20. *Ibid.*, p. 33.

21. Lintvelt, H. G. J.: *Die Vryburgers was die Eerste Suid-Afrikaners*, Artikel in *Die Huisgenoot*, *op. cit.*, pp. 52-53.

22. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. II, pp. 69-70, p. 114, p. 145. Asook Blommaert, W.: *Het Invoeren van de Slavernij aan de Kaap*, *Argiefjaarboek*, 1938, Deel I, p. 14.

23. Bosman, D. B. en Thom, H. B.: *op. cit.*, n. 117. Asook Robertson, H. M.: *op. cit.*, Vol. 13, Nr. 2, pp. 77-78. Asook Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. II, pp. 88-91, 94-95, 128-131.

24. Blommaert, W.: *op. cit.*, p. 23.

van ons canon soo overvloedigh veel mitsgaders bequaem ende vet is om te besaijen ende beplanten datter duijsende menschen genoegh aen te doen sullen vinden . . . weshalven onses gevoelens alsgezeijt niet ondienstigh voor de Compe eenige vrije luijden 't sij uijt India off Vaderlandt onder seecker conditien . . . herwaarts gelicentieert ende gedoocht wierden onder de gehoorsaemheijt van de Compe alhier hun domicilien te kieszen dat oock met eenen soude comen te strecken tot meerder diffentie van Comps limiten ende jurisdictien die men vrij verde can verspreijden maer met wijgnijh menschen niet wel bewaren".<sup>25</sup>

Onder so 'n skema het Van Riebeeck gemeen die volgende voordele te behaal:<sup>26</sup>

- (i) Skepe sou beter en meer verversings teen minder koste ontvang.
- (ii) V.O.C.-amptenare en hul gesinne sou losiesgelde kon ontvang en dus sou dit nie die Maatskappy se verantwoordelikheid wees om hulle van voedsel te voorsien nie.
- (iii) Voorrade sou aan die vryburgers teen 'n wins verkoop kon word.
- (iv) Eiendomsbelasting sou vir die V.O.C. 'n toenemende bron van inkomste word.
- (v) 'n Burgerwag sou gevorm kon word met die gevolg dat verdedigingsuitgawes aan die Kaap verminder sou word.

Dat die Here XVII ten gunste van Van Riebeeck se voorgestelde metode ter oplossing van die produksievraagstuk was, blyk uit hul brief aan hom op 6 Oktober 1654.<sup>27</sup> In sy antwoord hierop (28 April 1655), spreek Van Riebeeck sy verbasing uit oor die mededeling dat die Here XVII „ . . . aen dese plaetse tot eenige colonie soudin inclineren . . . ”,<sup>28</sup> terwyl hy nog altyd onder die indruk verkeer het dat „ . . . derselver oogmerk was maer om genoeghsame verversinge voor U Ed: aencomende scheepen aen te focken ende mogelijck sijnde, d' oncosten ergens uijt te vinden . . . ”<sup>29</sup> Aangesien „ . . . wij nu sien dat u Ed: tot colonie te stabileren schijnen gesint te wesen . . . ”,<sup>30</sup> gee hy 'n volledige uiteensetting van sy planne aangaande die vryburgerskap. Ofskoon die Here XVII in hulle brief van 30 Oktober 1655 aan die Kaap verklaar dat hulle dit goeð gevind het om „ . . . Ul. te autoriseren dat Ul. sullen vermoogen die geenen die door ervarentheijt kennisse van de gelegentheijt van de landen hebben becomen en mette culture aanqueeckinge van beestiael als anders haer selven buijten last van de Compe sullen cunnen ernerer des versoekende in vrijdom te stellen . . . ”,<sup>31</sup> het die eerste vryburgers eers in Februarie 1657 by Rondebosch gevestig geraak.<sup>32</sup>

In die lig van die toekomstige status van die vryburgers, die eiendomsreg op grond wat hulle ontvang het, hul aansprake op die ontvangs van

25. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. I, p. 27.

26. Robertson, H. M.: *op. cit.*, Vol. 13, Nr. 2, p. 77.

27. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. I, pp. 144-147.

28. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. II, p. 91.

29. *Ibid.*, p. 91.

30. *Ibid.*, p. 93.

31. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. I, p. 223.

32. Bosman, D. B. en Thom, H. B.: *op. cit.*, p. 99.

noodsaaklike dienste van owerheidsweë soos bv. beskerming, is dit in hierdie stadium van belang om te bepaal of die Kaap in 1657 'n statusverandering van 'n blote verversingspos tot 'n permanente kolonie van die Nederlande ondergaan het.

Genoemde vraag kan gedeeltelik toegelig word deur te let op wat Godèe Molsbergen skryf oor die verloop van die vryburgereksperiment in Indië. „Kolonisasie in de moderne betekenis van het woord stond niet op het programma van Heren Bewindhebbers van de Oostindiese Compagnie. Jan Pieterszoon Coen zag echter al het wenselike in van het stichten van kolonies, waar Nederlanders de slaven voor landbouw en veeteelt zouden laten zorgen. Uitzending van fatsoenlike burgers en jongedochters was nodig; met het schuim der natien, vrijgelaten soldaten en matrozen was geen kolonie te stichten. Maar de Bewindhebbers gingen op Coen's voorstellen niet in. Toen Coen in 1627 in Indië terug was, nam hij een proef met de zogenaamde Perkeniers, Nederlanders die de specerijperken door slaven lieten bewerken. Maar van hen kwam niet veel terecht en in 1631 werden veel verarmde burgerfamilies naar Nederland teruggebracht. Een vaste politiek volgden de Bewindhebbers niet. In 1633 verboden ze de uitzending van Nederlandse vrouwen en zagen in Indië liever gemengde bevolking ontstaan. Doch in 1647 werden weer vrouwen naar de Oost gezonden. Maar de voorstanders van Europese kolonisatie in Indië waren gering in aantal; Joan Maetsuijker, Gerard Demmer en Willem Verstegen waren zowat de enige hoge ambtenaren die er iets voor gevoelden. Maar niettegenstaande hun duidelike vertogen had hun pleidooi geen sukses. Pas tegen 1662 komt de Kamer Amsterdam, en daarmee Heren Zeventien, tot ander inzicht. En een hunner eerste proefnemingen was de kolonisatie van het gebied bij het Fort de Goede Hoop”.<sup>33</sup>

Uit die voorgaande sitaat kan ondermeer afgelei word dat kolonisasie, soos dit onder die V.O.C. plaasgevind het, nie voorafgegaan is deur formele anneksasie nie. Dit was egter 'n geleidelike proses wat eers gefinaliseer geword het nadat 'n gebied sogenaamd „gestabiliseer”<sup>34</sup> geraak het as gevolg van die vestiging van Nederlanders (en soms ook ander Europeërs) daarin. So byvoorbeeld word Carel Reiniersz, Goewerneur-generaal van die V.O.C. in Indië geadviseer dat „ . . . om koloniën in Indië te vestigen, er meer volk en eerlijke huisgezinnen uit Nederland . . . ”<sup>35</sup> 'n vereiste is. Hierdie metode word ook verder bevestig deur 'n brief wat die direkteure van die V.O.C. op 23 September 1649 aan Goewerneur-generaal Van der Lyn en die Raad van Indië skryf: „ . . . tot meerdere verzekering van Batavia, het algemeen rendez-vous van de Compagnie, is er ten hoogste aan gelegen, dat de Nederlandsche burgerij, zooveel als dit buiten aanmerkelijk nadeel en schade van de Compagnie kan geschieden, worde beschermd en haar het

33. Godèe Molsbergen Dr. E. C.: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika Jan van Riebeeck 1618-1677*, pp. 108-109.

34. De Jonge, J. K. J.: *op. cit.*, Vol. VI, p. vi en p. v; Asook Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. II, p. 93.

35. *Ibid.*, p. vi.

hoofd worde opgehouden".<sup>36</sup> Dit blyk dus baie duidelik dat vryburgers in die V.O.C. se kolonisasieplanne 'n sleutelrol gespeel het.

Van primêre belang is egter om in gedagte te hou dat die V.O.C. 'n handelsmaatskappy was en as sulks was dit sy hoofdoel om deur middel van kolonisasie groter winste te verseker. Politieke imperialisme het nie eintlik op die voorgrond getree soos dit by kolonisasie in die moderne sin van die woord die geval is nie. In die V.O.C. se terme, moes die nuwe „koloniste" dus bydra om „de bevolkingh soo groot te maken dat . . . uijt haer arbeitj goede voordeelen soude connen trekken".<sup>37</sup>

By implikasie kan dus aanvaar word dat die V.O.C. deur die toelating van vryburgers aan die Kaap, bedoel het om sy belange in die gebied permanent te vestig of te stabiliseer en die houding wat dié liggaam teenoor die vryburgers ingeneem het, moet ook dus in hierdie lig gesien word.

Nadat die vryburgers toegelaat is, is deur verskeie kommissarisse van die V.O.C., na die Kaap as 'n „kolonie" verwys. Byvoorbeeld op 12 Maart 1660 praat Pieter Sherthemius van „ . . . noodige vereijshende in de voorsettingh deser Colonie alhier . . . ".<sup>38</sup> Op 16 April 1657 skryf Van Goens (senior): „In gevalle U Ed. eenige grooter Colonie gelijck aparent sij gelieven aan te planten . . . ".<sup>39</sup> Ook kommissaris Andries Frisius praat op 4 Julie 1661 van „de Cabo ende de Colonie"<sup>40</sup> en hy verklaar ook op dieselfde datum: „ . . . ende alsoo metter tijt de colonie aan de Caëbo eenmael volgens U Ed.<sup>e</sup> ooghwith (sic) in effect te coomen . . . ".<sup>41</sup> Ten slotte skryf laasgenoemde Kommissaris ook van „ . . . bevorderen ende voorsetten harer Ed. staat ende nieuwe Colonie met den aencleven . . . ".<sup>42</sup>

Die volgende aanname van Thom kan in die lig van die bogenoemde dus as korrek geag word: „Dit (vestiging van vryburgers) word in die Suid-Afrikaanse geskiedenis tereg as 'n hoogs belangrike gebeurtenis beskou, aangesien daarmee die eerste stappe gedoen is om — naas die tydelike bevolking van Kompanjiesbeamptes — 'n permanente, vrye kolonistebevolking plaaslik te laat ontstaan. Hiermee het in werklikheid die ware, blywende kolonisasie van die land begin".<sup>43</sup>

Bogenoemde omstandighede het dus die uiteindelijke daarstelling van die vryburgers voorafgegaan en verhaas. Uit die beskikbare gegewens blyk dit oorfloedig dat die stap plaasgevind het omdat dit in die eerste plek dienstig aan die V.O.C. se selfsugtige handelsbelange moes wees en dat blote territoriale uitbreiding as sodanig nie oorweging geniet het nie. Die vryburgers is dus in 'n hulp-hoedanigheid aan die Kaap gevestig. Sodoende sou verseker kon word dat die V.O.C. in staat gestel word om nader aan

36. *Ibid.*, p. iv.

37. Böeseken, A. J.: *op. cit.*, p. 55.

38. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. II, p. 269.

39. *Ibid.*, p. 295.

40. *Ibid.*, p. 307.

41. *Ibid.*, p. 313.

42. *Ibid.*, p. 315.

43. Bosman, D. B. en Thom, H. B.: *op. cit.*, Vol. II, pp. 472-473. Kyk ook Thom, H. B.: *Kolonisasiedenkbeelde van Jan van Riebeeck, op. cit.*, pp. 1-17.

die verwesenliking van sy doelstellings van maksimum en direkte wins ten opsigte van die Kaap te kom.

In hierdie lig gesien, is dit dus vanselfsprekend dat die vryburgers se belange nooit eerste sou kom nie, maar dat dit aan die V.O.C. s'n ondergeskik sou wees. Van 'n vrye ekonomie en onbelemmerde vooruitgang, sou daar van die kant van die vryburgers gesien, geen sprake wees nie en daar sou geboer of dienste gelewer moes word soos die V.O.C. dit die voordeligste vir sy eie belange geag het. In hierdie hoedanigheid sou die vryburgers dus nie „vry” in die ware sin van die woord wees nie, maar eintlik maar boerende agente van die V.O.C.

Aan die ander kant het die ongunstige faktore waarmee die vryburgers in die Kaap te doen sou kry die V.O.C. tot 'n mate genoop om die voorwaardes, veral vir die vryburgerboere, so aantreklik moontlik te maak, want dit was vir die Maatskappy van direkte belang dat die skema suksesvol moes wees. Soos egter verderaan aangedui sal word, was hierdie reëls onredelik, nie soseer vanweë die aard daarvan nie, maar in die sin dat dit nie voorsiening gemaak het vir die toekomstige groei- en aanverwante probleme wat met die skema saamgegaan het nie. Baie probleme het dan ook later in hierdie verband ontstaan en was dit nie vir die katalisatorrol wat Van Riebeeck moes speel nie, sou die toekoms van die skema baie twyfelagtig gewees het.

G. C. Olivier.